MERENSKY

AFDELING A

INLIGTING OOR VAKKEUSES EN VEREISTES

2019

www.hsmerensky.co.za

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding
2. Hoe kies ek die regte vakke?
3. Selfevaluering
4. Vakvereistes en aanbevelings
5. Registrasie vir ’n agtste vak
6. Vakveranderings
7. Universiteitstoelating
8. Universiteite se toelatingspuntetelling (TPT / “APS”)
9. Naskoolse vereistes vir opleiding
10. Rol van die ouer
11. Nuttige webtuistes

1. INLEIDING

Die doel van hierdie inligtingstuk is om graad 9-leerders en hul ouers van inligting te voorsien om sinvolle vakkeuses te kan uitoefen.

2. HOE KIES EK DIE REGTE VAKKE?

Dit mag maklik lyk om vakke slegs op grond van jou persoonlike belangstellings en voorkeure, of die moeilikheidsgraad van die vakke te kies. Dit bly natuurlik jou keuse, maar as jy geen benul het van wat jy ná skool wil gaan doen nie, vertrou ons dat hierdie jou sal help om 'n ingeligte keuse oor jou akademiese toekoms te maak.

Voordat jy jou vakkie kies, behoort jy eers die volgende stappe te oorweeg:

STAP 1: Vind uit wat jou belangstellings is en leer jouself ken. Versamel inligting oor moontlike beroepsgeleenthede.

STAP 2: Neem kennis van die struktuur van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en die Onafhanklike Eksamenraad (Independent Examination Board – IEB)-sertifikaat.

STAP 3: Maak seker dat jy bewus is van die toelatingsvereistes om aan 'n tersiêre instelling te studeer.

STAP 4: Kies tussen Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid – 'n baie belangrike besluit!

STAP 5: Besluit nou op 'n veilige vakkeuse vir Graad 10 – 12.

Kom ons pak nou hierdie reis saam aan!

3. SELFEVALUERING

Voldoende kennis en begrip van elke kind en sy vermoëns, persoonlikheid, aanleg en ideale is noodsaaklik ten einde die beste vakkeuses te maak vir sy/haar verdere loopbaan. Die totale prentjie moet gesien word en nie net een aspek, soos byvoorbeeld belangstelling, nie. Aanlegtoetse moet saam met akademiese prestasie, motivering ensovoorts beoordeel word.

Elke kind is uniek

Kinders verskil van mekaar ten opsigte van vermoë, aanleg, belangstelling, persoonlikheid en ideale. Selfs broers en susters sal nie noodwendig dieselfde keuse maak nie en u kind se ideale kan ook van u s'n verskil.

Verstandelike vermoë

Dit is die aangebore potensiaal om te leer en te presteer, waaroor u kind beskik. Die kompleksiteit van elke persoon, asook die invloed van omgewingsfaktore, maak dit moeilik om te bepaal waartoe 'n kind op akademiese gebied in staat is.

Ouers en leerlinge moet probeer om 'n realistiese keuse te maak op grond van **bewese** prestasie (skoolrapport) en nie net op 'n kind se IK-syfer nie. Akademiese prestasie in graad 7 tot 9 is 'n aanduiding van wat om van u kind te verwag in graad 10 tot 12. Dit is onwaarskynlik dat 'n swak prestasie in die hoër grade spontaan sal verbeter.

Aanleg

Aanleg is die **potensiaal** waaroor 'n persoon beskik om 'n bepaalde vlak te kan bereik met 'n gegewe hoeveelheid opleiding en oefening. Aanleg, saam met belangstelling, houding, motivering en ander eienskappe, sal in 'n groot mate die uiteindelike sukses in 'n bepaalde veld bepaal.

Graad 9-leerlinge skryf die Differensiële (DAT) toets waarna die resultate en 'n grafiese voorstelling daarvan (ten opsigte van subtoetse, aanleg, vakrigting en tersiêre studierigting) aan u voorsien word. Hoe hoër die punt tussen 1 en 9, hoe beter die aanleg in die betrokke rigting.

Belangstelling

'n Kind moet ook belangstel in die vakke wat hy/sy kies om sy/haar beste daarin te lewer. Belangstelling kan ook in 'n stokperdjie uitgeleef word indien dit nie in skoolvakke of toekomstige beroepe bevredig word nie.

4. VAKVEREISTES EN AANBEVELINGS

- 'n Vak word slegs in graad 10 aangebied indien daar genoeg leerders is wat die vak gekies het (ongeveer 30 leerders).
- **Rekeningkunde** mag NIE sonder Wiskunde geneem word nie.
- **Fisiese Wetenskappe** mag NIE sonder Wiskunde geneem word nie
- **Wiskunde** – 'n minimum van 50% in die Junie- en November-eksamen word vereis.
- 'n Leerder moet ten minste 40% (Vlak 3) aan die einde van graad 9 in enige van die ander keusevakke behaal om dit in graad 10 te kan kies.
- Leerders wat vakke in graad 9 druip, word afgeraai om die vakke in graad 10 te kies.
- **Inligtingstegnologie** – Leerders sal 'n praktiese assesseringstaak voltooi. Keuring sal geskied op grond van hierdie uitslae.
- Inligtingstegnologie (IT) kan slegs saam met Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) geneem word indien dit as agtste vak geneem word. Hierdie kombinasie word egter nie aanbeveel nie.
- Leerders wat **universiteitstoelating** verlang, moet hul vergewis van die onderskeie tersiêre instansies se toelatingsvereistes.
- 'n Beperkte aantal leerders kan vir **Rekenaartoepassings-tegnologie (RTT), Inligtingstegnologie (IT), Gasvryheidstudies** en **Landboutegnologie** toegelaat word weens rooster en lokaal beperkings – *Leerders word dus gekeur vir dié vakke.*

- **Ingenieursgrafieka en Ontwerp (IGO)** – Graad 9 Tegnologie (Tekene) minimum 60% roupunt in Junie- en Novembereksamen.
- Maak seker of u kind Wiskunde en/of Fisiese Wetenskap benodig vir verdere studie.
  ('n Gemiddeld van 50% of 60% by sommige universiteite is 'n minimumvereiste.

Dit is belangrik om daarop te let dat sekere studierigtings by tersiêre instellings unieke vakpakette vereis. Dit is u en u kind se eie verantwoordelikheid om u van hierdie vereistes te vergewis en die skool kan nie verantwoordelik gehou word vir enige vakkeuse-kombinasies wat u kind in die toekoms mag penaliseer nie.

5. REGISTRASIE VIR 'N AGTSTE VAK (ADDISIONELE VAKKE)

Die Departement van Onderwys vereis dat leerders aansoek moet doen vir die vergunning om 'n addisionele vak te neem.
Tot op hede het die departement toegelaat dat ons self diskresie gebruik om aansoeke te hanteer, maar daar is dan toenemende druk om die formele departementele proses te volg.
Op grond hiervan kan leerders wat 'n 8ste vak wil neem, hul keuse op die vakkeusevorm aandui, maar moet daar in gedagte hou dat finale goedkeuring eers van die departement verkry moet word.
Indien 'n leerder die opsie van 'n addisionele (8ste vak) oorweeg geld die volgende reelings:

- Die leerder moet die vak(ke) wat addisioneel geneem word, vanaf graad 10 tot graad 12 neem. *Leerders kan dus nie voor hul matriekjaar die vakke as matriekvakke afskryf nie.*
- Alle *formele* assesseringsvereistes (SBA) moet, soos met ander vakke, nagekom word vanaf graad 10-12.
- Indien die aantal leerders wat aansoek doen vir 'n addisionele vak nie 'n toewysing op die rooster regverdig nie, sal leerders na skoolure kontaktyd moet inwerk soos vereis deur die departement.

6. VAKVERANDERINGS

Alle vakveranderings mag slegs na oorlegpleging met betrokke personeel (Vakonderwysers, HOD: LO en Adjunkhoof: Akademie) en met finale toestemming van die Hoof gedoen word.

In graad 10: Vakveranderings sal in uitsonderlike gevalle toegelaat word tot einde Februarie. Enige verdere veranderings sal daarna eers weer in die tweede kwartaal oorweeg word voor einde Mei.
In graad 11: Slegs TWEE vakveranderinge sal in uitsonderlike gevalle toegelaat word voor einde Maart.
In graad 12: Slegs EEN vakverandering sal in uitsonderlike gevalle oorweeg word en skriftelike toestemming moet van die Departement van Onderwys verkry word.

LET WEL: *As 'n leerder van Wiskunde na Wiskundige Geletterdheid verander en Fisiese Wetenskappe of Rekeningkunde as 'n keusevak het, moet die leerder ook die keusevak verander en al die werk van die nuwe vak inhaal.*

7. SLAAGVEREISTES

Slaagvereistes vir graad 8 en 9

- Huistaal op ten minste vlak 4 (50%)
- Eerste Addisionele Taal op ten minste vlak 3 (40%)
- Wiskunde op ten minste vlak 3 (40%)
- Enige drie ander vakke op ten minste vlak 3 (40%)
- Enige twee ander vakke op ten minste vlak 2 (30%)

Slaagvereistes vir graad 10 tot 12

Bied sewe vakke aan, wat insluit:

- Een taal op Huistaalvlak
- Een taal op Eerste Addisionele Taalvlak
- Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid
- Lewensoriëntering
- DRIE Keusevakke

Vakkombinasies en Skoolgebaseerde Evaluering (SGE)

Om te kwalifiseer vir 'n Nasionale Senior Sertifikaat moet alle leerders SEWE goedgekeurde vakke (twee tale, Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid, Lewensoriëntering en DRIE keusevakke) neem en bewys kan lewer van Skool Gebaseerde Evaluering (SGE) in elk van die sewe vakke. Lewensoriëntering, wat 'n verpligte vak is, is die enigste vak wat gedurende die jaar intern geassesseer word en het nie 'n formele eksamen aan die einde van die graad 12 jaar nie. Skool Gebaseerde Evaluering in elk van die ses vakke (buiten Lewensoriëntering en praktiese vakke) verteenwoordig 25% van die finale eksamenpunt.

Indien 'n kandidaat nie voldoen aan die vereistes vir Skoolgebaseerde Evaluering nie, sal die uitslae in die betrokke vak(ke), nie bekendgemaak word nie. Die kandidaat sal egter die geleentheid gegun word om tot 15 Maart van die volgende jaar hul voltooide portefeuljes deur te stuur. Die raklewe van die SGE is drie jaar.

Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) slaagvereistes:

Daar is DRIE vlakke:

a) Senior Sertifikaat
b) Diploma
c) Baccalaureus-graad (matriekvrystelling)

Minimumvereistes vir senior sertifikaat:

- Slaag Huistaal (Kode 3) (40 - 49%)
- Slaag enige TWEE verdere vakke (Kode 3) (40 - 49%)
- Slaag enige DRIE verdere vakke (Kode 2) (30 - 39%)
- Lewer bewys van deurlopende assessering in 'n SEWENDE vak.

Minimumvereistes vir toelating tot 'n diplomakursus:

- NSS verwerf
- Taal van onderrig en leer (van die instelling): Kode 2 (30-39%)
- (Lewensoriëntering kan nie een van die 4 vakke wees nie)

Minimumvereistes vir toelating tot 'n Baccalaureus-graad (Matrikulasievrystelling)

- NSS verwerf
- Taal van onderrig en leer (van die instelling): Kode 4 (50-59%)
- VIER toegewysde vakke: Kode 4 (50 – 59%)
- (Lewensoriëntering kan nie een van die vakke wees nie)

LET WEL: Elke universiteit het sy eie minimumvereistes vir spesifieke kursusopsies.

8. UNIVERSITEITE SE TOELATINGSPUNTETELLING (TPT / "APS")

Die meeste instellings gebruik hierdie puntestelsel om prestasie in die graad 12- eksamen te meet. Vanaf 2009 word die Toelatingspuntetelling (TPT) vir prestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat gebruik. (Dit vervang die ou M-tellingstelsel.)

Die NSS het sewe vlakke van prestasie:

NSS-prestasievlak	%
7	80-100
6	70-79
5	60-69
4	50-59
3	40-49
2	30-39
1	0-29

Omskakeling van prestasie:

VOORBEELD

	%	TPT-berekening
Afrikaans HT	**80 %**	**7**
Engels FAL	**75 %**	**6**
Wiskunde	**46 %**	**3**
Lewensoriëntering	**-**	
Fisiese Wetenskappe	**51 %**	**5**
Lewenswetenskappe	**76 %**	**6**
Geografie	**80 %**	**7**
		TPT = 34

Let Wel: Die prestasievlak vir Lewensoriëntering word by die meeste instellings nie by die TPT in berekening gebring nie.

'n Instelling ken 'n minimum-TPT toe aan 'n program of kursus. Bykomende vakvereistes kan vir sekere programme gestel word. B.Sc kan byvoorbeeld 'n TPT van 35 asook 'n NSS-prestasievlak van 5 vir Wiskunde vereis. *Wanneer die TPT bereken word, word al ses vakke (LO uitgesluit) uit die totale vaklys in berekening gebring.*

9. NASKOOLSE VEREISTES VIR VERDERE OPLEIDING

UNIVERSITEIT

Al die universiteite het bepaalde **fakulteitsvereistes** waaraan voldoen moet word. Dit behels onder andere bepaalde minimumvereistes per vak.

Sommige kursusse is onderworpe aan **keuring**.

Ouers en leerders moet hulle deeglik vergewis van bogenoemde vereistes.

Volledige inligting met betrekking tot die toelatingsvereistes is op die onderskeie universiteite se brosjures, op hul webtuistes en in hul jaarboeke beskikbaar.

10. DIE ROL VAN DIE OUER

Ondersteun u kind in hierdie moeilike besluit.
Wees asseblief realisties oor u kind se vermoë.
Maak ingeligte keuses, doen behoorlike navorsing.
Wees deel van die besluit, moenie vir u kind besluit nie.

Die leerder voltooi die vakkeusevorm met die ouer se hulp en besorg dit, geteken, terug aan die voogonderwyser van die leerder.
Indien vakkeuses nie aan vereistes voldoen nie, sal die vorm aan ouers teruggestuur word met aanbevelings. Die hersiende vakkeusevorm moet dan nie later as 31 Augustus by die Departementshoof: LO ingehandig word nie.

11. NUTTIGE WEBTUISTES

www.postmatric.co.za
www.pacecareers.com
www.edumatch.co.za
www.gostudy.net